# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| GRAAD | 12 |
| DATUM | NOVEMBER 2025 |
| VAK | VISUELE KUNSTE (TEORIE) |
| VRAESTEL | 1 |
| PUNTETOTAAL | 100 |
| TYDSDUUR (UUR) | 3 |
| AANTAL BLADSYE | 19 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| VERGADERINGSDATUM | |
| UMALUSI-MODERATOR | |
| HOOFNASIENER | |
| INTERNE MODERATOR | |

## ALGEMENE INSTRUKSIES VIR NASIENERS

1. Hierdie nasienriglyne dien as riglyn vir nasieners sowel as ’n onderrig- en leer hulpmiddel. Daarom word die nasienriglyn vir sekere vrae in meer diepte bespreek aangesien die inligting as leermateriaal gebruik kan word. Ander dele van die nasienriglyne is ’n voorgestelde riglyn.

2. Hierdie nasienriglyn bestaan uit **AGT** vrae. Kandidate moet enige **VYF** vrae vir ’n totaal van 100 punte beantwoord.

3. Vrae en subvrae moet duidelik en korrek genommer word volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye en visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Waar van toepassing mag kandidate na die visuele bronne verwys.

6. Geen punte sal toegeken word vir inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.

7. Die naam van die kunstenaar en die titel van kunswerke moet in die antwoorde genoem word.

8. Antwoorde moet in volsinne geskryf word. Volpunte kan nie toegeken word as daar in puntvorm geskryf word nie. Volpunte kan nie toegeken word as die kunswerk verkeerd is nie, ens.

9. Nasieners moet die aangehegte beskrywende rubriek gebruik om prestasievlakke te assesseer.

10. Kandidate moet krediet vir laterale denke kry. Argumente/stellings moet met verwysing na spesifieke faktore geregverdig word.

11. Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

© SACAI KOPIEREG

| WOORDELYS<br>Gebruik die volgende woordelys om seker te maak dat jy verstaan hoe om ’n spesifieke vraag te benader. | |
|---|---|
| **Analiseer:** | ’n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele kunselemente soos lyn, kleur, tekstuur, formaat en komposisie van ’n kunswerk. |
| **Beskryf:** | Skryf visuele inligting in woorde neer. |
| **Interpreteer:** | Analiseer en evalueer (gee ’n ingeligte mening oor) ’n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, polities, ensovoorts en regverdig jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys. |
| **Vergelyk:** | Toon die verskille en ooreenkomste op ’n geordende wyse binne dieselfde argument aan. |
| **Kontekstualiseer:** | Plasing binne ’n sosiale, kulturele, politieke en historiese raamwerk van ’n kunswerk met betrekking tot die situasie, tyd (era) en plek waarna die kunswerk verwys. |
| **Bespreek:** | Stel jou standpunt en gee redes vir jou stellings. |
| **Verduidelik:** | Verhelder and verskaf redes vir jou stelling. |
| **Formele kunselemente:** | Die basiese elemente wat gebruik word om ’n kunswerk te skep, soos lyn, vorm, toonwaarde, tekstuur, kleur, ruimte, komposisie, ensovoorts. |
| **Regverdig:** | Om met bewyse of getuienis te ondersteun/te regverdig. |
| **Noem:** | Verskaf presiese feite en sê duidelik wat jy dink – gee jou mening, asook ’n verduideliking. |
| **Visuele bronne:** | Die visuele afbeeldings wat in hierdie vraestel gegee word of waarna in ander bronne verwys word. |
| **Kontemporêr:** | Die huidige tydperk. Kontemporêr verwys na kuns wat gedurende ons leeftyd geskep is en voortgesit word. Strek van ongeveer 1970 tot die hede. |
| **Lewer kommentaar:** | Om jou mening of siening oor iets uit te druk. |
| **Reflekteer:** | Dink diep of versigtig na oor ’n vraag en lewer dan jou opinie of mening na aanleiding van jou refleksie. |

## ASSESSERING VAN LEERDERS SE VERMOË OM VOORBEELDE VAN VISUELE KULTUUR TE ONTLEED EN DAAROP TE REAGEER

| Prestasiekode | Onderwerp 3: Visuele Kultuurstudies |
|---|---|
| **7<br>Uitstekend<br>80 – 100 %** | Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunsterminologie.<br>Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6<br>Verdienstelik<br>70 – 79 %** | Demonstreer goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunsterminologie.<br>Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Wys uitstekende insig en begrip. |
| **5<br>Substansieel<br>60 – 69%** | Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunsterminologie.<br>Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon goeie vlak van insig en begrip. |
| **4<br>Gemiddeld<br>50 – 59%** | Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunsterminologie.<br>Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon redelike vlak van insig en begrip. |
| **3<br>Bevredigend<br>40 – 49%** | Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunsterminologie.<br>Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon ’n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2<br>Elementêr<br>30 – 39%** | Demonstreer slegs ’n basiese vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunsterminologie.<br>Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon ’n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1<br>Nie behaal nie<br>0 – 29%** | Demonstreer min of geen vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunsterminologie.<br>Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon min of geen insig en begrip. |

# VRAAG 1

## DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

1.1 Kandidate moet Figure 1a en 1b interpreteer en **vergelyk**. Hulle moet na die volgende kriteria verwys:

- Onderwerp

Figuur 1a beeld ’n vrou in die veld uit met ’n mandjie mielies op haar kop. Agter haar is ’n man wat kniel, besig om die mielies te pluk. ’n Soortgelyke toneel word in Figuur 1b gevind waar die man in die veld met ’n tros piesangs in sy hande stap.

- Komposisie en fokuspunt regverdig jou antwoord.

Albei kunswerke se agtergrond is blou lug; hulle vang ’n oomblik in hierdie mense se lewens vas wanneer hulle ’n alledaagse aktiwiteit doen, in hierdie geval, werk. Die fokuspunt in Figuur 1a is links, met die vrou wat die grootste in die prentjie uitgebeeld word. Die kyker sal op die vrou se gesig en die groot mandjie bo-op haar kop fokus; dit word verder teen die ligte, eenvoudige agtergrond van die lug beklemtoon. As ons die komposisie van hierdie kunswerk met Figuur 1b vergelyk, sien ons die man is die fokuspunt, maar hy is in die middel van die kunswerk. In Figuur 1b staan die man se gesig en hande ook teen die blou lug uit.

- Styl en tegniek

Albei kunswerke is realisties en naturalisties geskilder. Daar is baie detail, veral op die vrou se rok en die mandjie mielies in Figuur 1a. Detail kom in Figuur 1b op die man se hande, gesig, nek en voete voor. Daar is prominente are op sy voete en hande en plooie op sy gesig. Daar is sigbare kwashale op die gras in die voorgrond en die kreukels in die man se klere. Die lug is geskakeer en is in kontras met die voorgrond.

Die mielieplante in Figuur 1a het baie detail; dit word al hoe minder na agter, soos die mielieplantasie vervaag.

- Hoe beïnvloed die kleurgebruik en die gesigsuitdrukkings die stemming van die kunswerke?

Die kleure is meestal vaal in albei kunswerke, met net die blou en rooi van die vrou se rok in Figuur 1a, en die blou lug in Figuur 1b wat opvallend is. In Figuur 1a is die vrou se gesig weggedraai van die kyker af, en dui dus op die swaarkry van die strawwe taak wat sy moet verduur; dit dra tot die erns van die toneel by. Die man in Figuur 1b lyk hartseer; met sy streng gesigsuitdrukking bevestig hy die swaarkry en laat die kyker op die eerlike toneel wat uitgebeeld word, fokus.

- Moontlike boodskap en/of betekenis wat deur die titel van kunswerke oorgedra word.

In Figuur 1a sien ons die toestande van die mense wat handearbeid vir 'n inkomste moet doen. Hierdie vrou moet in die veld, in die son, vir haar inkomste werk. Die ouer man in Figuur 1b samel óf sy eie kos in , óf hy kan die piesangs verkoop. Albei figure is kaalvoet; dit kan gesien word as 'n teken van armoede, en soos die titel van Figuur 1b *'Our dalily bread',* suggereer, is dit hierdie werk is wat hulle moet doen om te oorleef. Nie een van die figure kyk na die toeskouer nie. Die vrou in Figuur 1a kyk af, dit is dalk 'n teken van onderwerping; die man kyk na links, moontlik fokus hy op die pad vorentoe.

Leerders moet probeer om die twee kunswerke te vergelyk. Indien geen vergelyking getref word nie, moet 1 punt afgetrek word.

(10)

1.2 Kandidate moet die kunswerke van **TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars** wat hulle bestudeer het wie se werk hulle inlig oor die mense, plekke en omstandighede in die samelewing bespreek. Hulle moet EEN kunswerk van- elke kunstenaar bespreek.

Verwys na die volgende:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Onderwerp ✓✓
- Formele kunselemente ✓✓
- Media en tegnieke ✓✓
- Moontlike boodskap/betekenis ✓✓ (10)

**[20]**

# VRAAG 2

## SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS BEÏNVLOED

2.1 Kandidate moet of saamstem of nie dat baie moderne kunstenaars beïnvloed is deur antieke en/of futuristiese sienings van Afrikakuns. Die kandidate moet hul antwoord regverdig deur na die riglyne te verwys:

- Bespreek die Afrika- en/of inheemse invloede wat in Figure 2a en 2b sigbaar is.

Figuur 2a herinner ons aan Khoi-Sanbeelde. Die dekoratiewe simbole, kolletjies, lyne en vorms kan na visioene (hallusinasies, drome) van die Sjamaan verwys. Die beelde is plat, soortgelyk aan die dier- en mensskilderye wat in grotte in Suider-Afrika gevind word. Die agtergrond is met klein silhoeëtte van Sanmense gevul. Die geel sirkel is die Afrikason. Die drie figure in Figuur 2b is amper dieragtig; die geboë figuur bo-op het lang bene, soortgelyk aan die verlengde figure in rotskuns. Die land/aarde word gesien met bruin grond en gras. Die figuur bo-aan is halfdier,-halfmens, ’n simboliese figuur/sjamaan van ’n stam.

- Uitbeelding en die betekenis van die figure.

Twee wee vroue word in Figuur 2a voorgestel. Die groen figuur is die moeder van die stam en hou ’n ander vrou in ’n rooi rok vas. Twee kleiner vroulike figure is aan die kante van die moeder geplaas; dit is haar kinders, en sy hou hulle onder haar vlerk.

Die drie figure (Figuur 2b) is verwring, en sommige dele word meer as ander beklemtoon, soos die lippe en borste van die hooffiguur. Haar gelaatstrekke stem ooreen met dié van ’n Afrikaskoonheid. Dit lyk of die figure met ’n opvoering besig is waar die hooffiguur die figuur bo-op haar amper wil verteer. Haar mond is oop, asof sy wag om die figuur in te sluk. Hierdie geboë figuur kan na haar kind/dogter verwys wat nou belangriker geword het en gewoond geraak het aan die nuwe wêreld, soos gesien met haar hakke en lang hare.

- Styl/tegniek

Figuur 2a is baie dekoratief met al die klein figure/patrone wat oor die beeldvlak versprei is. Dit is ’n baie kleurvolle werk, met plat areas van groen en blou wat die beeld oorheers. Daar is baie min vermenging van kleur, slegs sigbaar agter die son, met ’n klein area van geel- en oranjevermenging. Die twee kinders is met swart en groen omlyn. Die werk is naïef en simplisties.

Die kunswerk in Figuur 2b is naturalisties, maar herinner ook aan ’n surrealistiese kunswerk as gevolg van die opwindende/vreemde figure. Die agtergrond bestaan slegs uit spatsels verf en toon geen diepte nie wat die kyker in staat stel om op die stimulerende figure en die storie wat hulle vertel, te fokus. Daar is skaduwees onder by die grond, en die bene van die moeder word op ’n soortgelyke manier uitgebeeld, kleurkolle wat in die volgende invloei.

- Die transformasie van tradisionele Afrikakuns

Figuur 2a fokus dalk meer op antieke Af, bloot as gevolg van die eenvoud van die werk.

Figuur 2b beeld ’n futuristiese siening van Afrika uit, aangesien die werk die kontemporêre mitevorming van bedreigde kulturele erfenis dokumenteer en transformasie in Afrika toon. Die vrou verteenwoordig ’n meer futuristiese Afrikavrou met die invloed van Westerse elemente, bv. hoëhakskoene en ’n moderne uitrusting. Die kunstenaars het uit bestaande stereotipes geput om ’n ’nuwe en verbeterde’ ras te skep wat tradisionele waardes, oorlewing van historiese onderdrukking en florerende deelname aan globale tendense weerspieël.

(10)

2.2 Kandidate moet die kunswerke van enige **TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars** wat hulle bestudeer het (EEN kunswerk per kunstenaar) bespreek wat ’n diep verbintenis met Afrika- en/of inheemse kunsvorme uitbeeld.

Gebruik die volgende riglyne:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Onderwerp ✓✓
- Styl en tegniek ✓✓
- Invloede van inheemse kunsvorms ✓✓
- Betekenis/Boodskappe ✓✓ (10)

**[20]**

# VRAAG 3

## SOSIO-POLITIEKE KUNS – INSLUITENDE WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970'S EN 1980'S

3.1 Kandidate moet **vergelyk** hoe Salvador Dalí (Figuur 3a) en Nakamura Hiroshi (Figuur 3b) die sosio-politieke impak van oorlog in hul kunswerke weerspieël. Kandidate moet die volgende in hul antwoord oorweeg:

- Styl en die uitbeelding van die figure in albei kunswerke.

Figuur 3a toon 'n liggaamlose kop. Die leë oog- en mondkaste is met kleiner skelet/gereaamte gesigte gevul. In die oogkaste van daardie gesigte is nog meer gesigte. Slange is om die kop wat in 'n verlate woestyn sit, gedraai. Die gesig is verdor soos dié van 'n lyk en lyk ellendig. Die skildery is in 'n surrealistiese styl geverf. Die gesig in die kunswerk is 'n groteske samesmelting van vorms. Figuur 3b beeld 'n vrou se verfrommelde liggaam uit; haar groot hande lyk soos kloue wat uitreik; geweerlope wys in haar rigting. Die figuur herinner ons aan Picasso se Guernica (1937), soortgelyk aan kubisme. Die kunstenaar gebruik baie verskillende lyne, ronde, horisontale en diagonale lyne; die lyne definieer die vorm van die karakters in die skildery. Deur die vrou 'n groteske voorkoms te gee, sien ons die gevolge van oorlog op haar liggaam.

- Hoe kleur 'n emosionele en sielkundige impak op die kyker het.

Die skakerings van bruin oorheers die atmosfeer in Figuur 3a en versterk die gruwel van die toneel. Dit skep die gevoel van eensaamheid, hartseer en isolasie. Bruin is ook 'n aardse kleur wat die ontsteltenis van die stuk verteenwoordig. Die blou/swart monochroom kleurskema in Figuur 3b dra tot die verskriklike stemming by. Die stemming is ontstellend en steurend. Die wit/ligte agtergrond help die kyker om op die vrou in die voorgrond te fokus.

- Waarom word die skedels in Figuur 3a herhaal? Regverdig jou antwoord

Die herhaling van die skedels in Figuur 3a verwys na die siklus van hartseer en pyn wat deur oorlog veroorsaak word. Dit het nie net een persoon geraak nie, maar baie. Die skedels kan moontlik ook die dood verteenwoordig. Die skedels herinner die kyker aan 'n spookagtige nagmerrie.

- Wat is die moontlike betekenis van die afwesigheid van die liggaam in Figuur 3a? Regverdig jou antwoord.

Dit wys dat mense kwesbaar is, veral in die aangesig van eksterne kragte. Deur slegs die gesig te wys en geen liggaam nie, fokus op die fisiese aspek van oorlog, die bedreiging van 'n persoon se liggaam.

- Die moontlike betekenis van die titels, '***The Face of War***' en '***Gunned Down***'.

Die titel in Dalí se kunswerk (Figuur 3a) verteenwoordig 'n spookagtige, verlate droomlandskap met die verwronge gesig; dit beeld die manifestasie van die verwronge gruwels wat deur oorlog geskep is en die emosionele nagevolge daarvan uit. Die skedels kan na die verpletterde oorblyfsels van die mensdom, angs en wanhoop verwys. Die hol, spookagtige oë staar intens in die afgrond/oneindigheid in. Die distorsie is 'n herinnering aan

die sielkundige verval wat deur die brutaliteit van oorlog veroorsaak word. Die skildery weerspieël angs. Die verwronge gesig is ’n metafoor vir die eksistensiële ongemak wat ervaar word deur individue wat in ’n wêreld leef wat deur oorlog en onsekerheid gekenmerk word. Die verwronge gelaatstrekke kan gesien word as ’n voorstelling van die soeke na identiteit te midde van die chaos van oorlog. Individue kan met hul sin van die self worstel terwyl die wêreld rondom hulle ineenstort.

Die titel van die kunswerk in Figuur 3b beeld ’n storie uit waarna voor ’n televisie gekyk word. Die gewere skep ’n manlike en harde gevoel wat mag toon aan die werk. Deur die vrou van agter af te wys, fokus dit op haar kwesbaarheid; sy word blootgestel vir almal om te sien, sy probeer wegkom, maar het duidelik geen kans dat dit gaan gebeur nie. Sy het oortree en sal gestraf word.

(10)

3.2 Kandidate moet ’n opstel skryf waarin hulle enige **TWEE kunswerke deur Suid-Afrikaanse kunstenaars** bespreek wat sosio-politieke kwessies blootlê.
EEN kunswerk van elke kunstenaar moet bespreek word.

Vewys na die volgende:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Beelde en media/tegnieke wat gebruik is ✓✓
- Stemming/atmosfeer ✓✓
- Betekenis/boodskap wat deur die kunswerke oorgedra word ✓✓✓✓
- Verduidelik die sosio-politieke kwessies wat in die kunswerke aangespreek word ✓✓ (10)

**[20]**

# VRAAG 4

## KUNS, HANDWERK EN SPIRITUELE WERKE HOOFSAAKLIK VAN LANDELIKE SUID-AFRIKA

4.1 Kandidate moet ’n opstel skryf waarin hulle die reinigingsrituele soos in Figure 4a/4b/4c gesien, bespreek. Kandidate moet **enige twee kunswerke** kies om die gegewe kriteria te bespreek.

- Die onderwerp en stilistiese benadering.

Figuur 4a is baie eenvoudig, met slegs vier figure in die kunswerk. Die blou en geelgroen rivier is oorheersend in die werk en is amper soortgelyk aan ’n kleurveldskildery. Die figure is amper kinderlik geskilder, sonder sigbare detail.

Figuur 4b is baie meer ekspressionisties, met slegs sigabare lyne, kleur en ’n paar organiese vorms, wat ’n abstrakte beeld skep. Die toneel verteenwoordig nie iets herkenbaar in die wêreld nie. Rothko het op abstraksie eerder as figurering gefokus in die skep van hierdie onbekende en trasendentale kunswerk.

In Figuur 4c word twee mans en ’n vrou uitgebeeld; sy leun teen die bison. Die toneel word naturalisties uitgebeeld, maar het ’n droomagtige kwaliteit, geskep deur die figuur in die lug. Dit lyk ook asof sommige van die figure in die lug sweef. Die figuur met toegeklemde hand aan die regterkant lyk asof hy op die diervel onder sy voete sweef.

- Hoe die komposisie en fokuspunte in al drie kunswerke geskep word.

Die twee figure in die middel van Figuur 4a, met die oranje stralekrans en sirkel is die fokuspunt, aangesien daar nie veel anders in die dooptoneel gebeur nie.

Figuur 4b skep nie ’n definitiewe fokuspunt nie, alhoewel die spiraal bo-aan die werk en die twee swart figure die aandag trek. Die manlike figuur en die vrou met die geel aan, trek die kyker se oog van die sterk kryger na die vrou wat die aarde verlaat.

Die fokuspunt van Figuur 4c is hoofsaaklik op die manlike figuur wat na die vrou in die lug kyk. Die komposisie is geskep met die figuur meestal in die voorgrond. Slegs die lug en berge is sigbaar in die agtergrond, maar is vaag.

- Elemente wat gebruik word om die moontlike simboliese betekenis en/of die spirituele aktiwiteit van die kunswerke uit te beeld.

Bo regs in Figuur 4a is daar ’n ligblou area met ’n sirkel. Dit kan na God verwys en toon die verband met die seremonie van die doop van Jesus met die oranje stralekrans. Die stralekrans is ’n ligsirkel wat rondom of bo die kop van ’n heilige persoon aangedui word om hul heiligheid te verteenwoordig. Die blou verteenwoordig die water in die rivier waarvandaan die water wat in die doop gebruik word moontlik kom.

Figuur 4b kan moontlik as enige ander toneel geïnterpreteer word, as dit nie vir die titel was nie, want die doop word nie realisties soos die titel aandui, uitgebeeld nie. Daar is iets droomagtig en vloeibaar aan die beeld. Die kunswerk het geen duidelike hoofmotief nie,

maar ’n menigte kleiner vorms en kleurvelde wat skynbaar een na die ander verskyn en verdwyn. Die twee swart vorms is die menslike figuur in ’n landskap met ’n spiraalfontein (bo) wat water spuit. Water word as ’n suiweringsmetode gebruik, wat die mense/diere in hierdie werk wys waarheen hulle moet gaan om gereinig te word.

In Figuur 4c bring die vrou in die lug, Shiva, die hemelse Gangesrivier van die hemel na die aarde af. Ganga word hier in die vorm van ’n jeugdige godin, gehul in ’n waterval wat uit die lug afdaal, uitgebeeld. Die man aan die regterkant toon sy dankbaarheid met sy hande saamgevou. Die vrou in die lug wys dat sy heilig is, want sy word deur die drie mense dopgehou.

- Hoe versterk die gebruik van waterverf in Figuur 4b die tema van die werk?

Die vloeibare tema word deur waterverf as skildermedium versterk. Waterverf is maklik oplosbaar en laat die kunstenaar toe om verskillende skakerings van versadiging te skep. In die kunswerk is daar groot gedeeltes met dun, ligte kleurlae met kolle en patrone.

Antwoorde is oop vir interpretasie, maar moet goed geregverdig wees. (10)

4.2 Kandidate moet **TWEE kunswerke**, kunsvlyt- of spirituele werke **(deur EEN kunstenaar)** uit **landelike Suid-Afrika** wat hulle bestudeer het, bespreek.

Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Invloede en inspirasie ✓✓
- Onderwerp en simboliese uitbeelding ✓✓
- Media en tegniek ✓✓
- Betekenis/funksie/doel wat deur die kunswerke oorgedra word ✓✓ (10)

**[20]**

# VRAAG 5

## MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN GEWILDE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

5.1 Kandidate moet na die teksboks-inligting verwys om die multimedia-kunswerk te interpreteer. Hulle kan die volgende in hul antwoord gebruik:

- Die visuele voorkoms van die kunswerk.

Die gesig van die persoon in Figuur 5a lyk hartseer. Die plooie wat op die gesig geskep is, laat die persoon grotesk lyk, asof sy ’n soort monster is. Die gekleurde speldekoppe gee ’n bietjie vreugde aan die stuk wat die monster minder onvriendelik maak. Die fokus is op die gesig, met baie meer detail as die liggaam.

- Die oorspronklike funksie van die materiale wat gebruik is.

Kouse is noupassende, elastiese kledingstukke wat die beenvan die voet tot by die knie, of soms die hele bo-been bedek. Kouse wissel in kleur, ontwerp en deursigtigheid. Vandag word kouse hoofsaaklik vir mode en estetieses doeleindes gedra, gewoonlik by mediumlengte of kort rompe.

Kouse word gebruik om fisiese kenmerke soos vlekke, kneusplekke, letsels, beenhare of spatare weg te steek. Kouse verander ook die kleur van jou vel en kan jou donkerder of ligter laat lyk.

- Die oorsprong van die term ‘*Gevonde voorwerp*’ en hoe dit relevant in hierdie kunswerk is.

’n Gevonde voorwerp is ’n natuurlike of mensgemaakte objek wat ’n kunstenaar ontdek en bewaar op grond  van sy inherente artistieke waarde. Gevonde voorwerpe word as kunswerke in eie reg uitgestal of dien as inspirasie vir kunstenaars, soos blyk in hierdie kunswerk.

Die kouse is gevonde voorwerpe en is in nuwe en oorspronklike kunswerke omskep en gemanipuleer in Figuur 5a. In Figuur 5a is ’n persoon met behulp van die kouse geskep, wat die waarde van die gevonde voorwerp behou maar dit verander.

- Verduidelik die moontlike simboliese betekenis/boodskap wat deur die metodes/tegnieke wat gebruik word om die kunswerk te skep, oorgedra word.

Die figuur in Figuur 5a is geskep om soos ’n persoon te lyk, maar dit beeld eerder ’n versteurde individu uit. Dit lyk soos ’n obskure antropomorfiese figuur wat ’n teenwoordigheid het –in hierdie geval ietwat skrikwekkend. Deur ’n gesig uit kouse te skep, verwys die kunstenaar na die maskerwat vroue aanwend deur hul gesigte met grimering te bedek en weg te steek wat daaronder is, net soos die kouse. Die kyker sal empatie hê met die individu wat uitgebeeld word omdat haar oë hartseer is en haar mond styf toe, asof sy nie toegelaat word om haar mening te lug nie.

(10)

© SACAI KOPIEREG

5.2 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle enige **TWEE kontemporêre kunswerke** bespreek wat nuwe of alternatiewe media gebruik (EEN kunswerk per kunstenaar).

Gebruik die volgende riglyne:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke (kunstenaar wat bespreek word, kan Suid-Afrikaans of internasionaal wees) ✓✓
- Beskrywing ✓✓
- Gebruik van nuwe of alternatiewe media/tegnieke ✓✓
- Invloede ✓✓
- Boodskap en/of betekenis van die kunswerke ✓✓ (10)

**[20]**

# VRAAG 6

## POST-1994: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

6.1 Kandidate moet op die kriteria reageer deur hul antwoorde dienooreenkomstig te regverdig.

- Hoe word die werklike wêreld en die digitale wêreld in die kunswerke uitgebeeld?

Die digitale wêreld sluit alles virtueel in, van die internet en sagteware toepassings tot data wat in die wolk gestoor word. In Figuur 6a en 6b is die mans deel van die werklike wêreld, en die karakters is die avatars van die mans.

Die fisiese/regte wêreld bestaan uit tasbare voorwerpe, omgewings en ervarings. In Figuur 6a en 6b is daar 'n aanduiding van 'n plek, natuur en wolke. Die figuur in Figuur 6c word realisties uitgebeeld, maar die posisie waarin die man poseer, maak sy voorkoms minder werklik.

- Hoe sou jy digitale identiteit beskryf en hoe is dit duidelik in hierdie kunswerke?

Digitale identiteit kan gedefinieer word as 'n een-tot-een verhouding tussen 'n mens en hul digitale self, soos die avatars. Jou digitale identiteit is al die inligting wat gegenereer word deur 'n persoon se aanlynaktiwiteite, insluitend gebruikersname en wagwoorde, geboortedatum, sosiale sekerheid, rondsnuffel- en aankoopgeskiedenis, en meer. Jy kan selfs meer as een digitale identiteit hê.

Digitale identiteit word uitgebeeld in Figuur 6a en 6b deur nie die mans se gesigte te wys nie. Die een in Figuur 6a is vaag en die man in Figuur 6b kyk af na sy foon. In teenstelling hiermee kyk die avatars na ons, wat hulle belangriker maak in hierdie kunswerke. Die agtergronde van hierdie twee kunswerke het getikte letters, dui die weer aan, het 'n roosterontwerp en herhaalde patrone. Dit skep 'n abstrakte wêreld/landskap vir die avatars, met die mans wat uitstaan teen hierdie spotprentagtige kunswerk. Die kunswerk ondersoek identiteit in 'n toenemend digitale wêreld waar die grense tussen die self en die virtuele personas vervaag.

Die man in Figuur 6c is bedek met geometriese kleurvolle vorms; hy vorm 'n sirkel wat identiteitsverandering vertoon en vir ons dele van sy identiteit wys. Sy liggaam lyk jonk, dus vasgevang in die digitale wêreld in die proses van verandering. Hy kyk na sy hand, asof hy die verandering wat plaasvind, raaksien. Die menslike liggaam speel dikwels 'n rol in die definiëring van 'n mens se identiteit.

- Verduidelik watter stemming in die kunswerke geskep word.

Figure 6a en 6b skep 'n lewendige energie met die gebruik van helder kleure. Die kunswerke is opwindend en energiek. In Figuur 6c is die stemming 'n bietjie meer ernstig omdat die man se gesig sigbaar is; hy lyk asof hy konsentreer, fokus en absorbeer.

- Sou jy sê dat die titel in Figuur 6c relevant is? Regverdig jou antwoord.

Ja, Figuur 6c se titel is relevant, aangesien die persoon wat uitgebeeld word iemand word, hy is in die proses van verandering, sy liggaam transformeer, hy word iemand nuut. Sy liggaam is amper in ’n fetale posisie, asof hy wedergebore is.

(8)

6.2 Kandidate moet kunswerke interpreteer deur **TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars** wat hulle bestudeer het wat identiteit ondersoek. Hulle moet na EEN kunswerk per kunstenaar in hul antwoord verwys.

Die volgende kan as riglyne gebruik word:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Onderwerp/Beskrywing ✓✓✓✓
- Probleme in die samelewing wat beklemtoon word ✓✓
- Formele kunselemente ✓✓
- Betekenisse/Boodskappe ✓✓ (12)

**[20]**

# VRAAG 7

## GESLAGKWESSIES

7.1 Kandidate moet Figure 7a en 7b bestudeer. Hulle moet verduidelik hoe albei kunstenaars geslagtemas ondersoek deur hul uitbeelding van die alledaagse lewe. Kandidate kan na die volgende verwys:

- Onderwerp/toneel

Die vrou in Figuur 7a word in haar kombuis in ’n mooi rok en kort stewels gesien. Sy dwaal rond in die kombuis maar is nie regtig met ’n aktiwiteit besig nie. Die kombuis is tradisioneel as ’n vroulike domein beskou. In die agtergrond is ’n ander gebou deur die venster sigbaar. Daar is blomme in ’n vaas op die tafel en ’n kastrol op die stoof. In Figuur 7b sit twee vroue by ronde tafels voor ’n kaggel en in die voorgrond speel ’n kind op die vloer met ’n pop. Dit is ’n interieur van ’n sitkamer, maar regs is daar ’n aanduiding van ’n ander kamer met ’n kas, dus die binneruim van hul huis. Stereotipies moes vroue na die huis omsien.

- Waaroor gaan die droom (in die titel) in Figuur 7a?

Die droom is om ’n liefdevolle gesinshuis te hê, met kinders en ’n man wat werk om die rekeninge te betaal.

- Moontlike betekenis van die afwesigheid van die manlike figuur in Figuur 7a en 7b.

Die vrou in Figuur 7a is alleen by die huis, miskien besig om die tyd te verwyl totdat haar man/maat terugkeer. Die vaagdheid van die werk verwys na haar herinneringe; hulle verskyn of verdwyn. Die individu word deel van haar omgewing en andersom. Sy is uitgevat om haar man te beïndruk, en soos die titel aandui, om die droom te bou wat sy nog altyd wou hê. Daar is geen manlike figuur in Figuur 7b teenwoordig nie; hy is moontlik by die werk en het die vrou agtergelaat om na die kind om te sien en die huishouding oor te neem, ’n aanduiding van die stereotipiese beeld vanmans wat moet werk en vroue wat kinderoppassers is.

- Die interaksie van die figure in Figuur 7b.

Die twee vroue in Figuur 7b lyk verveeld; hulle drink wyn en een rook. Hulle gee geen aandag aan die kind wat speel nie. Hulle staar die verte in en dink aan hul omstandighede en vermy die werklikheid. Ons sien ’n klassieke huishoudelike toneel, wat die gesinslewe wys, maar ook wys hoe moederskap in hierdie geval nie so lonend is soos dit veronderstel is om te wees nie.

- Die styl/tegniek en kleurgebruik in albei kunswerke.

Daar is areas in die kunswerk (Figuur 7a) wat grof geverf lyk, amper asof dit onderlae is, soos die vloer voor en die plafon regs bo. Daar is detail op die vrou se gesig sigbaar. Dele van die kunswerk versmelt in die agtergrond, soos die vrou se skouer en rok wat deel van die teëls en vloer word. Groot en dik kwashale is op die vloer, tafel en die gebou buite sigbaar. Sagte kleure word gebruik, soortgelyk aan pastelkleure wat vroulikheid aandui.

Figuur 7b is realisties geskilder, met beheerde kwashale, maar die kleure en patrone wat in die werk gevind word, herinner ons amper aan Fauvisme, helder kleurgebruik, soos die rooi tapyt, rowwe verfaanwending gesien op die pers hemp van die vrou aan die linkerkant, vereenvoudigde tegniek, die bakstene by die kaggel en die patrone op die blou lap. Ander areas is plat geverf, soos die groter blou tapyt. Rooi, pienk en pers trek die oog, en dit is kleure wat ook met vroulikheid geassosieer word.

(8)

7.2 Kandidate moet enige **TWEE kunswerke deur TWEE verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars** wat geslagskwessies as tema gebruik het, bespreek. Hulle moet EEN werk deur elke kunstenaar bespreek.

Die volgende kan as riglyne gebruik word:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke ✓✓
- Onderwerp ✓✓
- Formele kunselemente ✓✓
- Styl/Tegniek ✓✓
- Betekenis/Boodskappe ✓✓✓✓ (12)

**[20]**

© SACAI KOPIEREG

# VRAAG 8

## ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

8.1 Kandidate moet ’n paragraaf skryf waarin hulle kommentaar lewer oor die gegewe kriteria deur na Figuur 8a en 8b te verwys:

- Wat is die positiewe en negatiewe aspekte van ’n sirkelvormige, buisvormige huis?

Ronde huise bied ’n paar voordele. Minder boumateriaal word benodig; hulle is meer bestand teen orkane en uiterste weersomstandighede wanneer die wind om hulle waai. *Bert* het geboë mure; dit maak dit moeilik om meubels op ’n doeltreffende manier te rangskik. Die vreemde hoeke en kurwes skep vermorste ruimte. Doelgemaakte meubels moet vir ’n sirkelvormige huis gemaak word. Ander sake soos die versiering van mure en gordyne sal ook in ag geneem moet word. ;

- Watter atmosfeer word deur die binnekant van ***Bert*** geskep?

Die binnekant van die huis lyk effens donker, maar skep ’n knus en warm atmosfeer as gevolg van die vorm en grootte wat klein is. Met al die donker (grys) kleure, soos in Figuur 8b gesien, word ’n skoon en ernstige gevoel geskep; slegs die minimum meubels is sigbaar en daar is geen versiering om by die knus atmosfeer te voeg nie. Met die groot woud rondom *Bert* word hy deel van die natuurlewe van die woud en dit maak die atmosfeer ernstiger.

- Sou jy sê dat ***Bert*** speels en eienaardig is as jy na die buite-aansig kyk? Verduidelik jou antwoord.

Met die eerste oogopslag lyk *Bert* speels, maar as jy na die ligging in die middel van ’n woud kyk, verander dit op een of ander manier *Bert* se vrolikheid. *Bert* se ligging skep ’n gevoel van eensaamheid, isolasie en afsondering. Wanneer jy *Bert* vergelyk met die Minions, klein geel handlangers wat kenmerkende brille dra, ontwaak die kind in jou. Jy sal na die huis kyk soos ’n kind met speelsheid en nuuskierigheid na die wêreld kyk. Die vorm van die huis is gewaagd en uniek en sal jonk en oud lok om die speelse *Bert* te ervaar.

(6)

8.2 Kandidate moet enige **TWEE Suid-Afrikaanse geboue/strukture** wat hulle bestudeer het, bespreek.

Hulle moet na die volgende in hul opstel verwys:

- Naam van die argitek/te en gebou/e ✓✓
- Funksie van die gebou/e ✓✓
- Gebruik van materiale en tegnieke ✓✓
- Stilistiese/dekoratiewe kenmerke ✓✓✓✓
- Wat die argitek as belangrike kwessies of oorwegings in die projek beskou het ✓✓
- Omgewingsinvloede✓✓ (14)

**[20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**